



LANGEBERG MUNISIPALITEIT

GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

JUNIE 2002

INHOUDSOPGAW

	BLADSY
1. Agtergrond	1
	3
1.1 Inleiding	3
1.2 Institusionele reëlings & toekenning van rolle	4
1.2.1 Langeberg Munisipaliteit	4
1.2.2 Tuinroete Klein Karoo Distriksmunisipaliteit	4
1.2.3 Inwoners, gemeenskappe en rolspelers	5
1.2.4 Provinsiale Regering en ander departemente / sektore	6
1.2.5 Hulpverskaffers en professionele beplanners	6
1.3 Proses oorsig	7
1.3.1 Stap 1 - Identifisering van belangegroepes en rolspelers	7
1.3.2 Stap 2 - Vestig GOP Forum	7
1.3.3 Stap 3 - Prosesuitvoering	7
1.4 Voorgestelde werkplan	8
1.5 Uiteensetting van die verloop van die proses	9
1.6 Selfontleding van die beplanningsproses	10
Hoofstuk 2 - Die Huidige Situasi	11
2.1 Studiegebied	11
2.2 Huidige realiteit - basiese feite en figure	11
2.2.1 Demografiese eienskappe	12
2.2.1.1 Demografiese tendense	14
2.2.2 Sosio-ekonomiese oorsig	14
2.2.2.1 Sosio – ekonomiese tendense	16
(a) Armoede	16
(b) Lewensverwagting	17
(c) Geboorte- / Mortaliteitsyfers	17
2.2.3 Ekonomiese oorsig	17
2.2.3.1 Toerisme	19
2.3 Prioritiserings Kriteria	20
2.4 Gemeenskap- en Rolspelers Prioriteitsbehoefes	21
2.5 Munisipale Prioriteitsbehoefes	23

2.6	Ontwikkingsareas Analises	25
2.6.1	Basiese dienste en Infrastruktuur	25
2.6.2	Ekonomiese Ontwikkeling	29
2.6.3	Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit	30
2.6.4	Omgewing	31
2.6.5	Sosiaal – Maatskaplike Ontwikkeling	33
2.6.6	Gesondheid en Veiligheid	34
2.6.7	Vervoer	35
2.6.8	Ruimtelike Ontwikkeling	36
2.6.9	Behuising en Grond	37
2.7	Analise van Prioriteitsbehoefte	39
		49
	Visie- en Missiestelling	49
3.1	Strategie Riglyne	50
3.1.1	Basiese dienste en Infrastruktuur	50
3.1.2	Institusionele ontwikkeling en Kapasiteit	50
3.1.3	Ekonomiese Ontwikkeling	50
3.1.4	Omgewing	50
3.1.5	Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling	50
3.1.6	Gesondheid en Veiligheid	51
3.1.7	Vervoer	51
3.1.8	Ruimtelike Ontwikkeling	51
3.1.9	Behuising en Grond	51
3.2	Finansiële Strategie van Munisipaliteit	51
3.3	Opsomming van voorkeur en toekomstige projekte	53
3.4	Projek Strategieë	58
3.4.1	Basiese dienste en Infrastruktuur	58
3.4.2	Ekonomiese Ontwikkeling	60
3.4.3	Institusionele ontwikkeling en Kapasiteit	60
3.4.4	Omgewing	60
3.4.5	Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling	61
3.4.6	Gesondheid en Veiligheid	61
3.4.7	Vervoer	62
3.4.8	Ruimtelike Ontwikkeling	62

3.4.9	Behuising en Grond	62
3.5	Voorkeur Projekte	63
	Strate en Stormwater	63
	Stortingsterreine	64
	Reinigingsdienste	65
	Water	66
	Riool	67
	Elektrisiteit	68
	Ekonomiese Ontwikkeling	69
	Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit	72
	Omgewing	73
	Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling	75
	Gesondheid en Veiligheid	77
	Vervoer	78
	Ruimtelike Ontwikkeling	79
	Behuising en Grond	80
3.6	Samevatting	81
	Bronnelys	
	Lys van Afkortings	

LYS VAN TABELLE EN FIGURE:

Tabel 2.1	Langeberg sosio-ekonomiese indikatore	12
Tabel 2.2	Die bevolkingsamestelling van die hoofdorpe binne die Langeberg streek	13
Tabel 2.3	Geslagsverspreiding binne die Langeberg streek	13
Figuur 2.4	Bevolkingsverspreiding in die Langeberg streek	13
Tabel 2.5	Geslagsamestelling en inkomstevlakke van die Landelike gebiede in die Langeberg streek	14
Tabel 2.6	Ouderdomsverspreiding binne die Langeberg streek	15
Tabel 2.7	Onderwysvlakke binne die Langeberg streek	15
Tabel 2.8	Indiensname in die Langeberg streek	15
Tabel 2.9	Stedelike inkomste, indiensname – en onderwysvlakke	16
Figuur 2.10	Sektorale bydrae tot die BGP van die Langeberg streek	18
Tabel 2.11	BGP groeikoerse, 1990 – 1997	18
Tabel 2.12	Beraamde besoekergetalle na die Suid – Kaap in 1997	19
Tabel 2.13	Behuisingssubsidies in 1998	38

1. AGTERGROND:

Met die implementering van die nuwe Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) het Plaaslike Owerhede nuwe verantwoordelikhede en funksies bygekry d.m.v. nuwe beleide asook die wetgewende omgewing wat verander het. In die Wes-Kaap is beweeg na die konsep van 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) ter bevordering van die beginsels van die Nasionale Ontwikkelingsfasiliteringswet (OFW), 1995 (Wet 67 van 1995) en die oogmerke van die grondontwikkelingsdoelwitte ingevolge die OFW. Ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 1999 (Wet 7 van 1999), word van elke plaaslike owerheid verwag om 'n GOP op te stel. Nasionaal word dit ook deur die Wet op Munisipale Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) , vereis.

Distriks- en Plaaslike Munisipaliteite is dus **wetlik verplig** om in terme van laasgenoemde wetgewing 'n GOP op te stel en goed te keur. Gebaseer hierop kan die volgende jaar se begroting van die Munisipaliteit nie opgestel en goedgekeur word nie. Dit op sig self kan groot nagevolge vir enige Munisipaliteit inhou.

Verskeie ander wetgewing plaas ook nou die onus op plaaslike regering om verskeie sektorale planne / beleide op te stel. Voorbeelde hiervan is Ruimtelike Ontwikkelings Raamwerkplanne (ROR) (voorheen struktuurplanne), Munisipale Infrastruktuurplan, Stedelike Vervoerplan, Water Dienste Ontwikkelingsplan ens. Die GOP integreer egter al bostaande sektorale planne. Die GOP moet ook verder 'n geheel vorm met en inpas by die GOP wat deur die betrokke Distriksmunisipaliteit opgestel word.

'n GOP kan beskryf word as: ***'n Deelnemende beplanningsproses waardeur toekomstige ontwikkeling bereik word d.m.v. die integrasie van sektorale strategieë om sodoende die optimale toewysing van skaars hulpbronne moontlik te maak op 'n ordelike, hanteerbare en sinvolle manier ten einde volhoubare ontwikkeling, bewaring, gelykheid en bemagtiging te bewerkstellig.***

Beplanning geskied dus nou op 'n meer geïntegreerde wyse waar beginsels en sektore nie afsonderlik nie, maar in die geheel byeengebring word. Doelwitte wat dus deur die gemeenskap gestel word, word bereik ten belange van die breër gemeenskap. Totale gemeenskapsdeelname is nou 'n integrale deel van die GOP proses.

HOOFSTUK 1 - DIE BEPLANNINGSPROSES:

1.1 INLEIDING:

DELplan Stads- en Streekbeplanning in samewerking met Training and Coordinating Services (TCS) is gedurende November 2001 deur die Langeberg Munisipaliteit, met befondsing van die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap, aangestel om 'n GOP vir die Langeberg streek op te stel.

Kortliks sal die GOP – Proses die volgende hoof stappe bevat:

- ☞ Aktivering van rolspelers / belangegroepes;
- ☞ Samestelling en formalisering van deelneming strukture;
- ☞ Bepaling van sinvolle / haalbare tydsraamwerke;
- ☞ Uitvoering van stappe in die proses en die monitering van vordering en probleme.

Die ontwikkelingsbeplanning proses van die GOP vir die Langeberg Munisipaliteit behels die volgende fases :

FASE 1: Analise

FASE 2: Strategieë

FASE 3: Projekte

FASE 4: Integrasie

FASE 5: Goedkeuring

1.2 INSTITUSIONELE REËLINGS EN DIE TOEKENNING VAN ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE:

Die detail rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers is soos volg :

1.2.1 Langeberg Munisipaliteit (LM)

- ⇒ Opstel, besluitneming en aanneem van Prosedure Plan
- ⇒ Verskaf die aksieplan uit Prosedure Plan aan Tuinroete Klein Karoo Distriksmunisipaliteit (TKDM) sodat dit gesamentlik in die TKDM Raamwerk opgeneem kan word ten einde die beplanningsproses te stroomlyn
- ⇒ Onderneem die bestuur en koördinerings van die beplanningsproses in LM gebied, insluitende die versekering dat:
 - Alle rolspelers behoorlik deel van die prosesse vorm
 - Behoorlike meganismes en prosedures vir publieke deelname en raadpleging toegepas word
 - Beplanningsfases binne die tydsraamwerke plaasvind
 - Die beplanningsproses gebaseer is op die prioriteitsbehoefte wat geïdentifiseer is binne die munisipaliteit en dat dit strategies en implementeringsgeoriënteerd is
 - Sektorale beplanningsvereistes nagekom word
 - Aanvaar en keur GOP vir LM goed
 - Pas GOP aan na aanleiding van kommentaar van provinsiale owerheid, indien nodig
 - Verseker dat jaarlikse besigheidsplanne, begroting en grondgebruikbestuur aan GOP gekoppel is en daarop gebaseer is.

1.2.2 Tuinroete Klein Karoo Distriksmunisipaliteit (TKDM)

- ⇒ Dieselfde rolle en verantwoordelikhede geld soos hierbo vir Langeberg Munisipaliteit genoem.
- ⇒ Koördineer rolle vir plaaslike munisipaliteite, naamlik :

- Verseker horisontale stroomlyning tussen die plaaslike munisipaliteite se GOP's
- Verseker vertikale stroomlyning tussen die GOP's van die plaaslike munisipaliteite en die van TKDM
- Fasiliteer stroomlyning tussen die GOP's uit die TKDM met die strategieë, programme en beleid van ander owerheidsfere en sektorale departemente
- Bied gesamentlike strategiese werksinkels aan vir plaaslike munisipaliteite, nasionale en provinsiale rolspelers en ander vakspecialiste en korporatiewe diensverskaffers

1.2.3 Inwoners, gemeenskappe, rolspelers

LM skakel met die volgende rolspelers :

- ⇒ Belangegroep wat op plaaslike vlak georganiseer is.
- ⇒ Gemeenskappe wat direk deur die LM GOP geraak sal / kan word.
- ⇒ Kundiges wat plaaslike woonagtig is en 'n bydrae kan lewer

Rolspelers verteenwoordig hulle onderskeie belangefere en dra kennis en idees tot die beplanningsproses by deur hulle deelname aan:

- ⇒ Die GOP Verteenwoordigende Forum van LM. Die doelwitte wat met deelname gestel word is :
 - Lig belangegroep, gemeenskappe en organisasies in oor beplanningsaktiwiteite en die doelwitte daarvan.
 - Ontleed sake van belang, bepaal prioriteite, onderhandel en bereik konsensus.
 - Maak projekvoorstelle, help met ontwerp van projekte en beoordeel voorgestelde projekte.
 - Bespreek en lewer kommentaar op konsep GOP.
 - Versekering dat jaarlikse besigheidsplanne en begroting op GOP gebaseer is en daaraan verbind is.
 - Moniteer implementering van GOP.
 - Neem aktief deel aan vergaderings en werksinkels en maak seker dat groepe, gemeenskappe of organisasies wat verteenwoordig word,

saamstem met gelyste projekte.

1.2.4 Provinsiale Regering : Departement Plaaslike Bestuur, Sektorale departemente en Korporatiewe diensverskaffers.

Die provinsiale owerhede se grootste verantwoordelikhede lê op die volgende terreine :

- ⇒ Verseker horisontale stroomlyning tussen die GOP's van die onderskeie distriksmunisipaliteite in die provinsie.
- ⇒ Verseker vertikale / sektorale stroomlyning tussen provinsiale sektorale departemente en provinsiale strategiese planne en die GOP proses op distriks- en plaaslike vlak en sorg dat insette en kommentaar gelewer word waar nodig.
- ⇒ Finansiële bestuur van provinsiale toekennings vir die GOP proses.
- ⇒ Moniteer vordering van GOP prosesse.
- ⇒ Fasiliteer die bylê van geskille wat tydens die GOP proses mag ontstaan.
- ⇒ Hulp aan munisipaliteite wat dit mag benodig tydens die beplanningsproses.
- ⇒ Reël GOP opleiding waar nodig.
- ⇒ Koördineer en bestuur LUR beoordeling / kommentaar op GOP's

1.2.5 Hulpverskaffers en professionele beplanners

Eksterne hulpverskaffers en professionele persone behoort slegs gekontrakteer te word soos en wanneer die GOP proses dit spesifiek vereis en die interne professionele kapasiteit nie bestaan nie. Hulle dienste kan aangewend word vir:

- ⇒ Metodologiese en tegniese leiding.
- ⇒ Fasilitering van sekere prosesse en werkswinkels.
- ⇒ Dokumentering van resultate.
- ⇒ Spesiale ondersoeke wat nodig mag blyk.
- ⇒ Ondersteuning aan groepe en gemeenskappe om meer

effektief aan die beplanningsproses te kan deelneem en insette te lewer

⇒ Die bevordering van stroomlyning

1.3 PROSES OORSIG:

Dit is belangrik om daarop te let dat die GOP proses uit drie belangrike stappe bestaan, naamlik:

- Identifisering van belangegroepe en rolspelers;
- Vestiging van 'n GOP – Forum, en
- Prosesuitvoering.

1.3.1 STAP 1: Identifisering van belangegroepe en rolspelers:

Vestig 'n loodskomitee (GOP Komitee) indien nie bestaan nie (Raadslede & Senior Amptenare);

- Bepaal alle rolspelers / belangegroepe;
- Advertensie & uitnodigings om deel te neem aan proses.

1.3.2 STAP 2: Vestig GOP - Forum

- Indien GOP forum bestaan (pas aan);
- Indien geen liggaam bestaan – vestig van nuuts af;
- Formaliseer;
- Grondwet;
- Proses uitklaring;
- Rol & funksie.

1.3.3 STAP 3: Prosesuitvoering

- Ontledingsfase van ontwikkelingsprofiel (bestudeer vorige ontwikkelingsprofiel en bestaande GOP's van die dorpe wat nou die Langeberg Munisipale gebied uitmaak);

- Identifiseer ontwikkeling kwessies / prioriteite / behoeftes;
- Bepaal strategieë ten opsigte van aanspreek van behoeftes en prioriteite;
- Projek definiëring en samestelling volgens projekbestuurstechniek;
- Integrasie van projekte – plaaslik sowel as in streeksverband (prioriteite, hulpbronne en tydsraamwerke en bestaande begrotings);
- Konsep GOP;
- Kommentaar op konsep GOP;
- Finale konsep GOP;
- Kommentaar op finale konsep GOP;
- Goedkeuring en finalisering deur Raad;
- Uitvoering van plan oor 5 jaar periode.

1.4 VOORGESTELDE WERKPLAN:

STAPPE	TEIKEN DATUMS					
Fase 1 AANSTELLING, PROSES TOELIGTING & LOODSKOMITEE VERGADERING	Einde Nov 2001					
Fase 2 ADVERTENSIE / UITNODIGING EN VESTIG GOP - FORUM		Einde Des 2001				
Fase 3 HERBESOEK VAN PROFIEL ASOOK DIE BEHOEFTE EN PRIORITEITE			Einde Jan 2002			
Fase 4 STRATEGIEË / PROJEKTE / INTEGRASIE				Einde Feb 2002		
Fase 5 FINALISERING VAN KONSEP VIR KOMMENTAAR					Middel Mrt 2002	
Fase 6 KOMMENTAAR, WYSIGING EN GOEDKEURING						Einde April 2002

Dit is ook belangrik dat die GOP proses inval by die jaarlikse begroting siklus van die Munisipaliteit, sodat daar uiteindelik vir die prioriteite begroot kan word. Indien dit nie geskied nie kan die prioriteite en projekte verwagtinge in die gemeenskappe skep wat nie haalbaar is nie. Publieke deelname is 'n verdere belangrike aspek en moet deurentyd plaasvind. Dit moet egter konstruktief en gefokus wees. Publieke deelname moet deur die GOP - Forum plaasvind wat as deel van die Raad se

prosesplan uiteengesit is. Raadslede en amptenare sal ook belangrike rolspelers wees en dien op die GOP - Komitee.

1.5 UITEENSETTING VAN DIE VERLOOP VAN DIE PROSES:

Aangesien die tyd vir die opstel van die GOP beperk was, kon daar nie 'n volledige Situasië Analise van die nuwe munisipale gebied gedoen word nie. Die konsultante het van bestaande inligting wat onder andere uit die vorige ronde GOP van die onderskeie munisipaliteite afkomstig was, gebruik gemaak. Daar word dus voorgestel dat die Raad 'n volledige Situasië Analise van al die sektore binne hul nuwe regsgebied doen. Dit is 'n proses wat alleen ten minste drie maande kan neem. Dit kan as belangrike agtergrond inligting vir die Plaaslike Ekonomiese Forum dien.

Nadat daar na die begin van die proses 'n reeks inligtingsvergaderings in elke geografiese gebied gehou is, het die gebiede verteenwoordigers aangewys wat hulle op die Verteenwoordigende Forum moes verteenwoordig. Daar is toe vervolgens met die Forum vergader en werksinkels gehou. Indien daar meer tyd beskikbaar was kon meer direkte gemeenskap vergaderings gehou word. Sodoende kon meer terugvoering aan die gemeenskappe gegee word as wat die geval was. Daar is ook met die Raad se GOP Loodskomitee vergader om hul insette te verkry. Raadslede en amptenare het ook gereeld die Forum vergaderings bygewoon. Die insette is toe in 'n Konsep dokument verfyn waarna dit aan die Forum vir kommentaar verwys is. Die kommentare is waar nodig verwerk en bygevoeg en die finale konsep sal ter insae wees by die Munisipaliteit voordat die Raad dit kan aanvaar.

Die GOP wat nou ter tafel is bevat die volgende aspekte nl.: Die beplanningsproses, huidige situasië, analise, strategieë en projekte. Die ideale proses vereis agter dat 'n volledige Situasië Analise en die volgende operasionele planne nl.: 'n operasionele 5-jaar aksieplan, 5-jaar finansiële plan, kapitaal investeringsprogram, 'n geïntegreerde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk, geïntegreerde sosiale, ekonomiese, omgewing en institusionele programme, 'n rampbestuurplan, monitering - en informasie vloei sisteme, ook ingesluit behoort te wees, maar na oorlegpleging met die Raad is daar

tot die besluit gekom dat hierdie planne deur die Raad self opgestel sal word ten einde uitvoering aan die GOP te gee.

1.6 SELFONTLEDING VAN DIE BEPLANNINGSPROSES:

Die GOP proses dien as 'n nuwe beplanning sisteem wat die ou, uitgediende en sektoraal gebaseerde beplanning benaderings vervang deur middel van nuut ontwikkelde tegnologiese oplossings en inligting. Beginsels en sektore moet nie een vir een afsonderlik in ag geneem word nie, maar moet in die geheel byeengebring word. Dit beteken dus dat pogings van nasionale-, provinsiale- en streeksvlak, asook plaaslike rade, munisipaliteite, individuele groepe, die privaat sektor en alle ander aandeelhouders byeengebring moet word om sodoende doelwitte daar te stel en om saam te werk op 'n beplande wyse sodat hierdie doelwitte bereik kan word ten belange van die breër gemeenskap. Daarom moet so 'n proses **holisties** benader word; belange en sektore moet in verband met mekaar ondersoek word.

Die GOP proses sal hoofsaaklik daarop gemik wees om armoede te bekamp, die plaaslike ekonomiese ontwikkeling te verstewig, volhoubare werkseleenthede te skep, die omgewing te bewaar, beter dienslewering te verseker en die proses van heropbou en ontwikkeling te laat uitbou. Die proses sal dus verseker dat aandeelhouders sowel as die algemene publiek 'n geleentheid gegun sal word om hul opinies, behoeftes en uitgangspunte te lug. Die GOP proses stel daarom die Plaaslike Munisipaliteit in staat om strategiese denkers en effektiewe beplanners van ontwikkeling te word. Sodoende word die inwoners bemagtig om belangrike rolspelers in hul eie gemeenskap en dorp te word.

HOOFSTUK 2 - DIE HUIDIGE SITUASIE:

2.1 STUDIEGEBIED:

Die studiegebied vir die Langeberg Munisipaliteit Geïntegreerde Ontwikkelingsplan beslaan die totale nuwe munisipale gebied wat hoofsaaklik die Langeberg Sub-Streek is, soos dit bestaan het ten tye van die destydse Suid-Kaap Distriksraad. Die Indiese Oseaan vorm die suidelike grens met die Gouritzrivier en Breederivier (gedeeltelik) onderskeidelik die oostelike - en westelike grense.

Aan die noordekant vorm die gebied direk noord van die Langeberge die grens. Die gebied beslaan ongeveer 5720 km². Ten einde die publieke deelname proses te vergemaklik is die studiegebied in vyf wyke of geografiese areas opgedeel, nl:

- Gebied 1: Riversdal (RD)
- Gebied 2: Heidelberg (HB), Slangrivier (SR), Witsand (WS)
- Gebied 3: Stilbaai (SB), Melkhoutfontein (MF), Jongensfontein (JF)
- Gebied 4: Albertinia (AB), Gouritsmond (GM)
- Gebied 5: Landelike Gebiede (LG)

Die omvang van die studiegebied word aangetoon op die aangehegte plan.

2.2 HUIDIGE REALITEIT: BASIESE FEITE EN FIGURE:

Die doel van die huidige realiteit is om 'n kort oorsig van relevante data te verskaf en nie om 'n in-diepte analise van die Langeberg streek te verskaf nie. As gevolg van die baie kort tydsraamwerk wat beskikbaar was kon 'n volledige huidige situasie studie nie gedoen word nie. Dit is egter 'n projek wat kan voortvloei uit die GOP en behoort as deel van die Raad se Plaaslike Ekonomiese Plan gedoen word. Daar is gefokus op bestaande inligting in die vorige GOP en struktuurplanne vir die area.

Wat dus volg is slegs 'n samestelling en opdatering van bestaande data wat relevant tot die doelwit van die GOP is, naamlik om **armoede te bekamp**, die **plaaslike ekonomiese ontwikkeling te verstewig**, **volhoubare werksgeleenthede te skep**, die **omgewing te bewaar**, **beter dienslewering te verseker** en die proses van **heropbou en ontwikkeling** te laat **uitbou**.

Een van die oogmerke van die GOP is om realistiese oplossings te identifiseer wat die behoeftes kan aanspreek en daarom is dit belangrik dat die data wat in die realiteitsoorsig gegee word ten nouste saamhang met die probleme wat geïdentifiseer is.

TABEL 2.1 - Langeberg Sosio-Ekonomiese Indikatore

INDIKATORE	LANGEBERG	SUID-AFRIKA
Area km ²	5,720	1,223,201
Bevolking (1996)	38,366	43,715,700
Bevolkingsgroei % (1991-1996)		2.8
Stedelik	3.0	
Landelik	-2.1	
Digtheid (persone per km ²)	6.7	35

Bron: SSA , 1996

2.2.1 Demografiese eienskappe:

Bevolkingsgetalle is nie konstant nie en verander voortdurend in verhouding tot sekere inherente karakteristieke. Die gebied is baie yl bevolk as dit met die res van die land of selfs streek vergelyk word.

Tabel 2.2 dui die bevolkingsamestelling van die Langeberg Streek volgens die drie hoof bevolkingsgroepe aan. Om kontinuïteit te verseker is die 1996 bevolking sensus soos deur Statistieke Suid-Afrika (SSA) verskaf gebruik. Volgens die 1998 sensusgetalle was die Asiërbevolking bykans nie verteenwoordig binne die streek nie aangesien minder as 1 % van die bevolking binne hierdie kategorie val.

TABEL 2.2 - Die bevolkingsamestelling van die hoofdorpe binne die Langeberg Streek

HOOFDORPE	BRUIN*	SWART*	BLANK*
STILBAAI	49.5	0.5	50
RIVERSDAL	74	3	23
GOURITSMOND	23	1	76
ALBERTINIA	70	2	28
SLANGRIVIER	99	1	-
WITSAND	23.5	0.5	76
HEIDELBERG	60	19	21

*uitgedruk as % van die totale bevolking in die spesifieke dorp
Bron: SSA, 1998

Uit bogenoemde tabel kan afgelei word dat die Swart en Asiër bevolkingsgroepe 'n baie klein proporsie van die streek se bevolking uitmaak en dat die Blanke en Bruin bevolkingsgroepe verreweg die grootste bevolkingsgroepe is.

TABEL 2.3 - Geslagsverspreiding binne die Langeberg Streek

	STILBAAI	R/DAL	G/MOND	ALBERT.	S/RIVIER	WITSAND	H/BERG
M*	47	46	54	50	51	52	44
V*	53	54	46	50	49	48	56


* uitgedruk as % van die totale bevolking in die spesifieke dorp
Bron: SSA, 1998

Die gebied vertoon 'n geredelike geslagsverspreiding en in Figuur 2.4 kan gesien word dat die grootste persentasie van die bevolking in die stedelike nedersettings soos Heidelberg en Riversdal gekonsentreer is. Die gemiddelde huishoudingsgrootte vir die Langeberg Streek is 4 persone per huishouding.

FIGUUR 2.4 - Bevolkingsverspreiding in die Langeberg Streek

uitgedruk as % van die totale bevolking in die spesifieke dorp

Bron: SSA, 1998



Die volgende tabel toon die geslagsamestelling en lae vlakke van inkomstes wat in die landelike gebiede voorkom.

TABEL 2.5 Geslagsamestelling en inkomstevlakke vir die landelike gebiede in die Langeberg Streek

Dorp	Manlik	Vroulik	Totaal	60+	<6jr	Inkomste per h / h (R)
Groot Kragga	7	8	29			650
Melkhoutfontein	580	620	1200	83	160	1500
Slangrivier	105	1950	3000	1500	900	1000
Vermaaklikheid			150			

Bron: Grondsake, ontbrekende publikasie datum

2.2.1.1 Demografiese tendense:

Groot in- en uitwaartse migrasie vind in die streek plaas as gevolg van die migrasie patroon vanaf die Oos-Kaap na veral die Kaapse Metropolitaanse gebied. Seisoenale migrasie vind ook plaas as gevolg van die seisoenaliteit van die hoofwerkverskaffingsektor naamlik landbou. Interne migrasie na dorpe in die Langeberg gebied het 'n groot impak op die dienstevoorsiening.

Die groei van die Langeberg se bevolking sal afhang van die ekonomiese geleenthede wat die nuwe munisipale gebied kan bied, veral aan jong volwassenes wat die mees mobiele groep is. 'n Stagnante ekonomie wat nie aan sy skoolverlaters werkseleenthede kan voorsien nie, sal hierdie ekonomiese aktiewe volwassenes verloor soos hulle na ander areas met beter ekonomiese geleenthede gaan. Dit kan ook toegeskryf word dat al die tersiêre onderwys instellings buite die streek geleë is en skoolverlaters wat verder wil studeer die streek noodgedwonge moet verlaat.

2.2.2 Sosio – ekonomiese oorsig:

Sosio – ekonomiese omstandighede het 'n belangrike impak op die ontwikkeling van die bevolking. Dit is hoofsaaklik ekonomiese indikatore wat die ruimtelike variasie in die sosiale welstand van die bevolking aandui. Dit is die basis van die kwaliteit van 'n

persoon se hele lewe en projekteer sy beeld in die sosio-kulturele milieu van die gemeenskap.

TABEL 2.6 Ouderdomsverspreiding binne die Langeberg Streek

	0 – 14	15 - 34	35 – 64	65+	TOTAAL
% van tot. bev.	24	28	35	3	100

BRON: SSA, 1999

‘n Hoë persentasie van die bevolking is onder die ouderdom van 15 jaar wat die afhanklikheidsratio verhoog en verder druk plaas op ander hulpbronne. Dit kan ook dui op ‘n algehele verbetering in die fisiese welstand van die streek se bevolking. Alhoewel dorpe soos Stilbaai en Witsand ‘n groter proporsie ouer mense het, toon hulle wel sterk groei en word hierdie persepsie somtyds verkeerdelik aan hierdie dorpe geheg.

TABEL 2.7 Onderwysvlakke binne Die Langeberg Streek

	GEEN	PRIMÊR	SEKONDÊR	TERSIÊR	NVT	TOTAAL
% van tot. bev.	8	30	42	10	10	100

BRON: SSA, 1999

Die Langeberg Streek het ‘n relatief lae ongeletterdheidsvlak en dit kan weerspieël word in die hoë vlak van sêkondere onderwys in die streek. Kusdorpe in die streek soos Stilbaai (15%), Gouritsmond (25%) en Witsand (20%) toon hoë tersiêre vlakke wat toegeskryf kan word aan die hoë persentasie afgetrede persone wat in hierdie dorpe woon.

TABEL 2.8 Indiensname in die Langeberg Streek

	IN DIENS	WERKLOOS / SOEK WERK	NIE EKON. AKTIEF	NVT	TOTAAL
% van die tot. bev.	29	5	38	27	100

BRON: SSA, 1999

Die werkloosheidsyfer (5%) vir die streek is laer as die Suid-Kaap gemiddelde (7%) en die Provinsie (8%) se syfers. Daar is egter ‘n hoë persentasie van die bevolking wat nie ekonomiese aktief is nie en wat weer die afhanklikheidslas vergroot.

TABEL 2.9 Stedelike Inkomste, Indiensname en Onderwysvlakke

	WERKLOOS SOEK WERK	NIE EKON. AKTIEF	GEEN ONDERWYS	SLEGS PRIMÊR	LAE INKOMSTE
% van tot. bev.	5	38	8	30	32.6

BRON: SSA, 1999

Dit is belangrik om daarop te let dat daar 'n sterk verband bestaan tussen die inkomstevlakke, werkloosheidsvlakke en onderwysvlakke in die streek. Dorpe soos Slangrivier en Albertinia (2,34 persone per verdieners) het hoë afhanklikheidslaste wat tesame met lae inkomste en lae vlakke van onderwys 'n beperking plaas op hulle sosio-ekonomiese ontwikkeling.

2.2.2.1 Sosio – ekonomiese tendense:

(a) Armoede:

In vergelyking met ander Suid-Afrikaanse provinsies het die Wes-Kaap oor die algemeen die hoogste Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI). Die hoë MOI van 0,93 (1995) vir die blanke bevolking reflekteer die hoë vlakke van opvoeding, inkomste en lewensverwagting. Die MOI vir Kleurlinge is 0,50 met 'n laer MOI vir Swartes (0,47) (Tuinroete Klein Karoo GOP: 2001:40).

Volgens die SKDM (1997:5) is die vinnigste groeiende deel van die bevolking in die Suid-Kaap die Swartes wat ook die laagste MOI het. Indien daar dus nie genoeg aandag gegee word aan die verwydering van ongelykhede tussen die verskillende bevolkingsgroepe nie sal die gemiddelde MOI van die streek afneem soos die relatiewe deel van die swart bevolking in die bevolkingsamestelling groei.

Landelike gebiede het lae vlakke van inkomstes. In die verslag van Julian May et al (1995:9) word 'n armoede lyn gedefinieër as 'n absolute lyn wat verwys as die Huishouding Bestaansvlak (HBV). Dit is 'n uitgawe lyn en verteenwoordig die minimum vlak van uitgawes wat benodig word om 'n familie se basiese behoeftes te bevredig. Die HBV lyn in die landelike

gebiede vir 'n familie van 2 volwassenes en 4 kinders is die minimum inkomste R723,06 per maand (TKDM GOP:2001: 43).

(b) Lewensverwagting:

Die Suid-Kaap het 'n lewensverwagting van 67,8 jaar vir beide Manlik en Vroulik. Dit weerspieël dat die gebied in 'n oorgangsfase van ontwikkeling is aangesien hierdie lyn lê tussen van wat verwag kan word vir die ontwikkelde lande (75.4 jr) en minder ontwikkelde lande (63,1jr).


(c) Geboorte- / mortaliteitsyfers:

In 1996 was die suigelingsterftesyfer vir die Suid-Kaap 56 / 1000 terwyl die Wes-Kaap 57 / 1000 was. Die Suid-Kaap het 'n totale mortaliteitskoers van 3.2 / 1000 wat relatief laag is. Hierdie syfer hang van faktore af soos vlakke van opvoeding, laer voorkoms van tienerswangerskappe en voorbehoedmiddels (TKDM GOP 2001: 43).

2.2.3 Ekonomiese oorsig:

Die huidige en toekomstige ekonomiese toestand in die Langeberg Streek sal 'n beslissende rol speel wanneer die sosio-ekonomiese uitdagings in die streek en in die provinsie aangespreek word. Die Langeberg Streek produseer 13 % van die Suid-Kaap se Bruto Geografiese Produk (BGP) waar die Landbou, Vervoer en Dienste sektore die grootste bydrae tot die streek se ekonomie lewer. Tussen 1990 – 1997 was daar 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 0,7 %.

FIGUUR 2.10 - Sektorale bydrae tot die BGP van die Langeberg Streek



Alhoewel Landbou tans die grootste indiensnemingsektor is en die grootste bydrae tot die BGP lewer, toon die sektor 'n afname in die gemiddelde jaarlikse groeikoers. Hierdie afname kan grootliks aan klimaatstoestande (droogtes), meganisasie van die bedryf en veranderende markte (uitvoer) toegeskryf word. Die streek het vir die afgelope vyf jaar veral gebuk gaan onder hewige droogtes. Die finansiële, vervoer en elektrisiteitsektore het egter sterk groei getoon. Handel waarby toerisme ingesluit is, toon ook groei, maar nog nie so sterk soos die res van die Suid-Kaap nie.

TABEL 2.11 - BGP groeikoerse, 1990 –1997

SEKTOR	GEM. JAARLIKSE GROEIKOERS %
Landbou	-1.4
Mynbou	-1.2
Vervaardiging	0.3
Elektrisiteit	3.9
Konstruksie	-1.8
Handel	1.9
Vervoer	3.8

Finansies	2.7
Gemeenskapsdienste	1.1
Owerheidsdienste	-0.9
Ander	1.3

BRON: URBAN ECON 1999, OBSA 1998

2.2.3.1 Toerisme:

Die toerisme industrie kan as die mees belangrike groeikrag in die ekonomiese ontwikkeling van die streek gesien word aangesien die ander sektore soos handel, akkommodasie, dienste, vervaardiging, landbou, visserye, bosbou en vervoer almal 'n integrale deel van toerisme vorm. Daar word beraam dat die toerisme industrie meer as 7% tot die Suid-Kaapse streeksprodukt bydra.

In 1997 het ongeveer 154 000 buitelandse besoekers die Suid-Kaap besoek (vir vakansie doeleindes) wat 'n toename van 25% getoon het sedert die vorige jaar. Meer as 1 miljoen plaaslike toeriste het die Suid-Kaap in dieselfde jaar besoek wat 'n toename van 3% teenoor die vorige jaar getoon het (TKDM GOP 2001: 58).

TABEL 2.12 Beraamde besoekergetalle na die Suid – Kaap in 1997

Kategorie	Vakansie	Besigheid	Totaal	%
Oorsee	100 000	9000	109 000	9
Nie buurlande	5000	700	5700	0.5
Buurlande	49 000	3000	52 000	4.3
Sub – totaal: Buitelands	154 000	18 700	166 700	13.8
Binnelands: Inter provinsiaal	595 000	5000	600 000	49.2
Binnelands: Intra provinsiaal	450 000	3000	453 000	37.1
Sub – Totaal: Binnelands	1045 000	8000	1053 000	86.3
TOTAAL	1199 000	20 700	1219 700	100

Bron: WESGRO, 1998b

Tussen 1980 – 1991 het werkseleenthede in die Suid-Kaap afgeneem met 17,7%. terwyl die werkloosheidsyfer in 1995, 10,9% was. Die informele sektor sal 'n groot rol in die toekoms speel in die vermoeëns van die werkloos om te oorleef. Die verskaffing van werkseleenthede is die sleutelstrategie van die Langeberg Raad aangesien werkseleenthede ver agter is met die toename in die bevolking.

Die sleutel tot die toekoms van die Langeberg Streek is die ontwikkeling van menslike hulpbronne en sy toerismepotensiaal. Dit is 'n doelwit om na te streef vir verbeterde opvoeding, vaardighede en gesondheidsvlakke, maar dit moet saam met die ontwikkeling van die ekonomie plaasvind.

As die ekonomie geen kapasiteit het om die streek se arbeid te absorbeer nie, kan die streek dien as 'n uitvoerder van opgeleide arbeid. Die wyse waarop spesifieke geleenthede in die streek ontgin gaan word sal bepaal word deur die inwoners wat in die toekoms as entrepreneurs na vore sal kom, die provinsiale beleid wat toegepas word asook die wyse waarop die inwoners die natuurlike hulpbronne van hulle omgewing bewaar. Probleme van die streek sal nie opgelos word indien daar nie 'n groot invloed van kapitaal, hulpbronne en kundigheid plaasvind nie. Langtermyn volhoubare groei kan bereik word deur die ontwikkeling van die menslike hulpbronne, alhoewel die vraag na die korttermyn verligting van armoede in direkte teenstand staan met langtermyn volhoubare groei.

2.3 PRIORITISERINGSKRITERIA:

Die volgende kriteria is gebruik tydens prioritisering van behoeftes in die GOP proses:

- Basiese dienste (noodsaaklike diens)
- Voordeel vir grootste deel van die bevolking
- Bekostigbaarheid
- Realisties (ekonomies haalbaar en uitvoerbaar)
- Volhoubaarheid (kan dit in stand gehou word)
- Voortsetting van bestaande verpligtinge
- Inskakeling by streek behoeftes en inisiatiewe
- Nasionale wetgewing en voorskrifte
- Voorsiening in die basiese behoeftes van die gemeenskap
- Sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap

2.4 OPSOMMING VAN GEMEENSKAP- EN ROLSPELERS PRIORITEITSBEHOEFTE:

ONTWIKKELINGSPRIORITEIT	PRIORITEIT	HOOF – UITDAGINGS SOOS GEÏDENTIFISEER DEUR GEMEENSKAPSDDEELNAME
Basiese dienste & infrastruktuur: Strate en Stormwater	1	Stormwaterdreinerings is swak, ander het geen formele stormwaterstelsels nie en stormwaterstelsels moet opgradeer word
	2	Die ryvlakke van teer- en gruisstrate is in 'n swak toestand, randstene en sypaadjies ontbreek en strate moet herseël, herstel en geskraap word
	3	Daar is 'n behoefte aan teerstade in sommige areas en daar moet met die teerprogram voortgegaan word
<i>Stortingsterreine</i>	1	Die kapasiteit van stortingsterreine moet ondersoek word en veral die storting / berging van mediese- en abattoir (karkasse en vis) afval moet aandag geniet
	2	Stortingsterreine vir spesifiek bourommel, tuinvullis en huishoudelike afval moet opgradeer word in gebiede waar daar 'n behoefte is en die algemene bestuur van stortingsterreine moet verbeter
	3	Die herwinning van afval / rommel moet aandag geniet en kan lei tot werkskepping
<i>Reinigingsdienste</i>	1	Natuurskending in landelike gebiede vind plaas weens die strooi van rommel, veral langs paaie, en die landelike en toerisme gemeenskap verlang 'n skoonmaakdiens om hierdie probleem die hoof te bied
	2	Openbare geriewe is vuil, slordig en word nie in stand gehou op 'n deurlopende basis nie en die skoonmaakdiens is oneffektief
<i>Water</i>	1	Die opgaarkapasiteit van waterbronne moet ondersoek word en is onvoldoende vir sommige gebiede. Waar moontlik moet die stoorkapasiteit verhoog word en addisionele waterbronne moet aangewend word
	2	Die waterkwaliteit is nie na wense nie en suiweringsstegnieke moet verbeter word. Waar moontlik moet die suiweringsaanlegte opgradeer word
	3	Waterdruk is swak in sekere gebiede
<i>Riool</i>	1	Rioolstelsels moet voltooi, opgradeer en vervang word en nuwe stelsels moet geïnstalleer word in gebiede waar die behoefte ontstaan
	2	Riooluitvalwerke (verdampingsdamme) se kapasiteit moet verhoog en opgradeer word
	3	Daar is 'n behoefte aan die voorsiening van openbare toilette / geriewe
<i>Elektrisiteit</i>	1	ESKOM se kragvoorsiening moet opgradeer en op 'n gereelde basis in stand gehou word
	2	Oorhoofse kraglyne moet met ondergrondse kables vervang word
	3	Daar is te veel kragonderbrekings

ONTWIKKELINGSPRIORITEIT	PRIORITEIT	HOOF – UITDAGINGS SOOS GEÏDENTIFISEER DEUR GEMEENSKAPSDAARNA
Ekonomiese Ontwikkeling	1	Die toerismepotensiaal moet beter benut en toeristeaantreklikhede moet ontwikkel word ten einde die werkloosheidsprobleem ook aan te spreek
	2	Werkseleenthede moet geskep word
	3	Voornemende kleinboere en entrepreneurs moet hulp en opleiding ontvang
Sosiaal – Maatskaplike Ontwikkeling	1	Daar is 'n behoefte aan meerdoelige gemeenskapssentrums wat ook as ontspanningsgeriewe kan dien
	2	Sosiaal-maatskaplike probleme moet aangespreek word en opheffingsprogramme moet ingestel word ten einde hierdie probleme aan te spreek
	3	Geletterdheid- en vaardigheidsvlakke van die gemeenskap moet verbeter
Institusionele ontwikkeling en kapasiteit	1	Oneffektiewe en ondoeltreffende bestuur van plaaslike- en distriksmunisipaliteit
	2	Swak en ondeursigtige kommunikasie en samewerking tussen verskeie rolspelers, verenigings, kulture en organisasies in die gemeenskap
	3	Biblioteke het opgradering nodig
Omgewing	1	Indringerplante moet uitgeroei en rivierlope skoongemaak word
	2	Omgewingsopvoedkunde moet onder die gemeenskap aangewakker word
	3	Staproetes en wandelpaaie moet ontwikkel en instand gehou word
Gesondheid en Veiligheid	1	'n Veilige omgewing moet verseker word deur buurtwagstelsels, plaaswagte, polisiekantore en polisiebeamptes te voorsien
	2	'n Rampbestuursplan moet vir die streek opgestel word
	3	Doeltreffende mediese dienste en -sorg moet verseker word en veral TB en VIGS programme moet voorkeur geniet
Vervoer	1	Daar is 'n behoefte aan 'n betroubare en bekostigbare openbare vervoersisteem
	2	Toegangsroetes in die streek moet opgradeer en in stand gehou word
	3	Strenger wetstoepassing op die paaie moet plaasvind
Ruimtelike Ontwikkeling	1	'n Geïntegreerde Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk moet vir die hele streek opgestel word
	2	Soneringsvoorwaardes en munisipale verordeninge moet streng toegepas word
Behuising en Grond	1	Daar is 'n tekort aan lae-koste behuising
	2	Daar is 'n tekort aan gedienste erwe
	3	Verblyfreg moet aan plaaswerkers verseker word

2.5 PRIORITEITSBEHOEFTE VANUIT 'N MUNISIPALE PERSPEKTIEF:

ONTWIKKELINGS PRIORITEIT	PRIORITEIT	HOOF – UITDAGINGS SOOS GEÏDENTIFISEER DEUR MUNISIPALE DEELNAME
Basiese dienste & infrastruktuur: <i>Strate en Stormwater</i>	1	Ryvlakke van teer- en gruisstrate moet herseël en herstel word volgens Plavei Bestuur Stelsel (PBS) en gruisstrate moet omskep word in teerstrate
	2	Stormwaterdreinerings kort aandag in sommige gebiede weens 'n gebrek aan sypaadjies en randstene
<i>Stortingsterreine</i>	1	Berging van mediese-, vis-, en abattoir afval moet aandag geniet en Privaatsektor moet hierby betrek word
<i>Reinigingsdiens</i>	1	Openbare fasiliteite moet op deurlopende basis skoongehou word en waar daar beperkte kapasiteit is om die diens te lewer moet dit uitgebrei word
<i>Water</i>	1	Mense moet hulle rekeninge vir lewering van dienste getrou betaal
	2	Weidersrivierskema moet voltooi word
	3	Gemeenskappe moet deelneem aan Munisipaliteit se Waterdienste Ontwikkelingsplanne (WDOP)
	4	Verseker dat water veilig vir menslike gebruik is.
<i>Riool</i>	1	Rioolnetwerk van Stilbaai moet vervang word
	2	Rioolnetwerke in Melkhoutfontein, Riversdal, Gouritsmond, Witsand, Jongensfontein en Albertinia opgradeer en voltooi
<i>Elektrisiteit</i>	1	Vervang oorhoofse kragdrade met ondergrondse kables in Stilbaai, Jongensfontein, Witsand en Gouritsmond
Ekonomiese Ontwikkeling	1	Stig en implementeer 'n Plaaslike Ekonomiese Forum
	2	Vestig en implementeer werkskeppingsprojekte
	3	Verkry owerheidsfondse
	4	Opstel van Ekonomiese Analise van die streek
Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit	1	Aanstelling van addisionele personeel om die uitvoering van belangrike pligte te voldoen
Omgewing	1	Rehabilitasie en ontwikkeling van natuurgebiede
	2	Uitroei van indringerplante en skep sodoende werk

ONTWIKKELINGS PRIORITEIT	PRIORITEIT	HOOF – UITDAGINGS SOOS GEÏDENTIFISEER DEUR MUNISIPALE DEELNAME
Sosiaal- Maatskaplike Ontwikkeling	1	Die bestaande projek t.o.v. 'n meerdoelige gemeenskapsentrum in Riversdal moet voltooi word en opheffingsprogramme moet geïmplementeer word ten einde sosio-ekonomiese probleme aan te spreek
Vervoer	1	Die opgradering en verbetering van verbindingsweë moet deur die Langeberg Munisipaliteit gemonitor word
	2	Vervoerplan moet opgestel en deurgevoer word
	3	Wetstoepassing op paaie moet verbeter word
Gesondheid en Veiligheid	1	Vestig 'n volledige polisie diens d.m.v. nuwe Munisipale Polisiehoof
	2	Plaas- en buurtwagte en 'n veilige omgewing moet as prioriteit gesien word
	3	VIGS beleid moet doeltreffend aangewend word en mediese fasiliteite moet opgradeer en effektief aangewend word
Behuising en Grond	1	Lae-koste behuising sal verskaf word aan gemeenskappe soos bepaal deur Munisipaliteit en soos befondsing verkry vanaf Provinsiale Behuisingsraad
	2	Verblyfreg aan plaaswerkers, in samewerking met Departement van Grondsake, moet ondersoek word

2.6 ONTWIKKELINGSAREA ANALISES:

Hierdie analise poog om 'n werklike beeld te skep van die bestaande situasie soos gesien vanuit 'n gemeenskap / rolspeleer perspektief volgens die behoeftebepalings wat gedoen is in elke dorp / gebied in die streek.. Hieruit kan die hoof tendense afgelei word en kan daar gefokus word op die probleemareas van die spesifieke ontwikkelingsarea.

2.6.1 Ontwikkelingsarea 1: Basiese dienste en infrastruktuur

(a) Strate en Stormwater:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Herseël ryvlakke van teerstrate		x	x			x	x			
Herstel ryvlakke van gruisstrate						x	x		x	
Onvoldoende stormwaterdreinerings	x	x			x	x	x	x	x	
Skep randstene / sypaadjies	x	x	x				x			
Ongeteerde strate								x	x	
Straatbeligting									x	

Die strate waarna hier verwys word behels interne strate in die dorpe en nie paaie in die landelike gebiede nie. Alhoewel die munisipaliteit oor die nodige kapasiteit beskik om die diens van opgradering te vervul, is die grootste probleem die beskikbaarheid van fondse. Die probleem van swak stormwaterbeheer in sommige gebiede kan toegeskryf word weens die feit dat informele woonbuurte vinniger gegroei het as wat dienste voorsien kon word.

- Fokus op:**
- beskikbaarstelling van fondse
 - herseël / herstel van strate (gruis en teer)
 - stormwaterbeheer

(b) Stortingsterreine:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Mediese afval / afstootlike afval	x	x	x				x			
Nuwe terreine vir bou / tuin / huishoudelike afval	x	x	x		x	x			x	x
Kapasiteitsprobleem							x			

Die stort van mediese / vis / abattoir afval blyk 'n probleem te wees. Mediese afval word op die oomblik deur 'n privaat maatskappy, "Waste Tech" verwyder, maar is baie duur, en vis- en abattoir afval word begrawe. Die uitdaging lê daarin om werksgeleenthede te skep deur die herwinning van afval en om voldoende kapasiteit te voorsien vir die toekoms. Die suksesvolle bestuur en beheer van stortingsterreine is 'n funksie wat baie keer nagelaat word en strengere maatreëls sal toegepas moet word ten einde sulke terreine suksesvol te beheer en moontlike omgewings- en gesondheidsrisiko's uit te skakel.

- Fokus op:**
- verwydering van mediese-, vis en abattoir afval
 - skepping van nuwe terreine vir bou / tuin / huis afval
 - opgradering van oorlaaistadies
 - ondersoek kapasiteit van stortingsterreine
 - herwinning van afval

(c) Reinigingsdienste:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Geen verwyderingstelsel vir rommel				x						
Skoonmaak van openbare geriewe / plekke (toilette, oop erwe, braaiplekke, speelparke)	x	x	x		x	x	x	x	x	x

Reinigingsdienste word wel op 'n deurlopende basis in alle dorpe toegepas alhoewel toerusting en personeel in sommige gebiede kan vermeerder. Rommel wat in die landelike gebiede gestrooi word skep 'n negatiewe visuele impak op die omgewing. Openbare geriewe in baie dorpe word deur vandalisme vernietig of beskadig en moet dan ten duurste herstel word. Hierdie probleem kan deur 'n algemene opvoedingsprogram onder die gemeenskap verbeter waar mense weer die waarde van hulle omgewing besef en 'n daadwerklike poging moet aanwend om dit skoon te hou.

- Fokus op:**
- deurlopende skoonmaakaksies
 - verwydering van rommel in landelike gebiede
 - opvoedingsprogramme

(d) Water:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Onvoldoende opgaarkapasiteit	x		x		x		x	x	x	
Verbeter waterkwaliteit	x	x					x			
Swak waterdruk						x	x			
Verbeter suiweringstegnieke / -aanlegte			x				x	x		
Opgradering van netwerk						x	x			
Tekort aan besproeiingswater									x	
Voorsien waternetwerk								x		
Water vir ontwikkeling										x
Bekostigbaarheid van water								x		

Die voorsiening van water oor die langtermyn blyk die grootste probleem te wees. Die toename in bevolkingsgetalle plaas toenemende druk op dienste soos die voorsiening van water en veral die vakansiedorpe ondervind 'n toename in gebruik gedurende Desembermaande van tussen 50 – 100%. 'n Waterbesparingsveldtog is belangrik in die sin dat dit die onoordeelkundige gebruik van water kan verbeter. Maniere van hoe om die waterkwaliteit te verbeter behoort ook dringend aandag te kry.

- Fokus op:**
- opgaarkapasiteit
 - waterkwaliteit
 - waterdruk
 - opgradering van netwerke
 - waterbesparing

(e) Riool

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Voltooi, opgradeer, vervang rioolstelsels		x	x		x	x	x	x		x
Verhoog kapasiteit van uitvalwerke							x			
Opgradering van uitvalwerke	x								x	x
Voorsien openbare toilette					x	x		x		

Toenemende bevolkingsdruk veroorsaak dat die bestaande netwerke oorlaai word en dit kan potensiële gesondheidsrisiko's vir die gemeenskappe inhou.

Grondwaterbesoedeling moet ook voorkom word. Hierdie is probleme waarna dringend aandag gegee behoort te word en moet as hoë prioriteit deur die Munisipaliteit gesien word. Die reukprobleme wat ontstaan by die oksidasiedamme blyk 'n hindernis vir die omringende gemeenskappe te wees en behoort aandag te geniet.

- Fokus op:**
- opgradering en voltooiing van rioolstelsels
 - besoedeling van ondergrondse waterbronne
 - verhoogde kapasiteit van riooluitvalwerke

(f) Elektrisiteit:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Opgradeer en uitbreiding van voorsieningslyne						x	x			
Ondergrondse kables	x	x	x				x			
Kragonderbrekings						x	x			
Windkrag	x		x							
Koopkragstelsels							x			x
Elektrisiteitsubsidies				x						

Die instandhouding sowel as opgradering van ESKOM se kragvoorsieningsnetwerke sal op 'n jaarlikse basis gedoen moet word en die moontlikhede van windkrag moet deur middel van spesialisstudies ondersoek word ten einde die lewensvatbaarheid daarvan te regverdig. Die installering van koopkragstelsels en die voorsiening van kooppunte behoort prioriteit te geniet. Die voordeel van ondergrondse kraglyne is dat dit nie korrodeer nie en dus kragonderbrekings verminder.

- Fokus op:**
- opgradering en instandhouding van voorsieningslyne
 - vervanging van oorhoofse kables met ondergrondse kables
 - ondersoek windkragpotensiaal
 - kragonderbrekings

2.6.2 Ontwikkelingsarea 2: **Ekonomiese Ontwikkeling:**

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Bevorder toerismepotensiaal	x	x	x	x	x	x	x	x		x
Skep werksgeleenthede	x	x			x	x	x	x	x	
Opleiding aan voornemende boere				x					x	
Terreine vir informele markte / plaasmarkte				x				x	x	
Verwerkingsaanlegte							x	x		
Ontwikkeling van hawe gebiede	x									
Oornaggeriewe									x	

Die streek produseer 13 % van die Suid-Kaap se Bruto Geografiese Produk (BGP) en dit kan toegeskryf word aan die lae bevolkings digtheid van die streek ten opsigte van die groter Suid-Kaap streek.

Die hoof sektore is landbou, vervoer en dienste waar die meeste mense in diens is en die grootste bydrae tot die BGP lewer.

Landbou wat die grootste sektor is wat werkverskaffing en BGP betref, het egter 'n negatiewe groeikoers van -1,4 %. Dit kan hoofsaaklik aan droogtes, hoë vervoerkoste, hoë brandstofkoste, afstande van markte, meganisasie en internasionale mededinging toegeskryf word.

'n Gemiddelde groeikoers van slegs 0,7 % is vir die streek aangeteken tussen 1990 en 1997. Hiervan het die vervoer, finansiële en elektrisiteit sektore die sterkste groeikoerse getoon. 'n Ander belangrike sektor naamlik die handel sektor toon ook 'n taamlieke groeikoers van 1,9 %. Dit sluit die toerisme sektor in en dit is 'n sektor wat baie meer aandag behoort te kry ten einde groter groei en werkskepping te bewerkstellig.

Die toerisme sektor het baie potensiaal ten einde die werkloosheidprobleem in die streek die hoof te bied. Effektiewe en aggresiewe bemerking van die streek onder toeriste sal die toerisme potensiaal verder verstewig. Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling behoort eerste prioriteit van die Munisipaliteit te wees en moet veral

fokus op investeringsgeleenthede vir beleggers in die streek. Die opleiding van plaaslike mense kan tot groot voordeel van die toerismemark wees.

- Fokus op:**
- Toerisme, veral eko - en agri - toerisme
 - Werksgeleenthede
 - Investeringsgeleenthede
 - Opleiding van plaaslike mense vir die toerismebedryf en die opleiding van voornemende boere
 - Ondersoek die potensiaal van alternatiewe natuurlike landbougewasse en produkte vir die streek.

2.6.3 Ontwikkelingsarea 3: Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Oneffektiewe en ondoeltreffende Munisipale Bestuurstelsel	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
Opgradeer biblioteke					x	x			x	
Deursigtige en deelnemende kommunikasie	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
Verbetering van voorskoolse fasiliteite				x					x	
Groter betrokkenheid by besluitnemingsprosesse				x						

Na die samesmelting van die voormalige munisipaliteite en landelike gebied om die Langeberg Munisipaliteit te vorm, bestaan daar kapasiteitsprobleme aangesien die proses van herstrukturering nog nie voltooi is nie. Die munisipaliteit beskik egter oor goed opgeleide en ervare amptenare.

Van die swakpunte is dat meeste munisipale funksies nou gesentraliseer op Riversdal is. Weens verskuiwing van personeel in die streek kan verswakte dienslewering in die korttermyn voorkom. Daar is ook 'n tekort aan kantore, fasiliteite, administrasie personeel en toerusting om die situasie doeltreffend te hanteer. Daar is ook 'n gebrek aan sekere staatsinstellings soos Departement van Binnelandse Sake en die SA Polisie Diens in die streek.

Dit word algemeen aanvaar dat 'n opvoedingsvlak van 7 jaar nodig is vir ontwikkeling. Daar is wel nog verskille in die streek wat betref die kwaliteit van fasiliteite en die opvoeding wat beskikbaar is vir die verskillende bevolkingsgroepe. Die situasie onder die Swart bevolking kan vererger aangesien 'n toename verwag word in diè bevolkingsgroep. Die toeganklikheid na sêkondere skole blyk ook problematies te wees terwyl dit by primêre skole aanvaarbaar is.

'n Effektiewe en doeltreffende Munisipale bestuurstelsel kan deur die vestiging van georganiseerde, deursigtige en deelnemende kommunikasie binne en buite die gemeenskap verseker word sowel as die koördinering en bestuur van tegniese en professionele dienste in die lewering en instandhouding van infrastruktuur vir basiese en rekreatiewe dienste.

- Fokus op:**
- 'n Effektiewe Munisipale Bestuurstelsel
 - Gemeenskapsbetrokkenheid en kommunikasie
 - Opgradering van biblioteke

2.6.4 Ontwikkelingsarea 4: Omgewing:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Ontwikkel staproetes	x	x	x				x	x	x	
Uitroei van indringerplante	x		x		x	x	x		x	x
Ontwikkel botaniese / natuurtuin							x		x	x
Bevorder omgewingsopvoedkunde	x	x	x						x	
Mariene reservate	x		x							

Die hoof risikos vir die natuurlike en beboude omgewing is die toenemende druk vir ontwikkeling op veral die kus- en riviergebiede. Dit gaan gepaard met die ontspanningswaarde van die gebiede. Die areas is gelukkig tot 'n mate nie oorontwikkel nie en daar kan dus steeds iets aan gedoen word.

Tendense sluit in stadskruip in sensitiewe natuurgebiede, vernietiging van sensitiewe plantegroei en habitat vir fauna, indringerplantegroei, toeslikking van riviere en destabilisering van sandduine.

Ander moontlik gevare is die gebrek aan beheer in rivier opvanggebiede. Dit behoort die hoogste mate van omgewingsbeskerming te geniet. Die staat en provinsie besit ongelukkig nie baie van die gebiede nie en die besit daarvan deur privateienaars kan problematies wees. Geleenthede vir biosfeerreservate bestaan in die gebied en dit behoort hoë prioriteit te kry.

'n Gesonde omgewing het 'n onmisbare sosiale en ekonomiese waarde vir die hele gemeenskap. 'n Gesonde omgewing is in 'n groot mate 'n natuurlike een wat nie besoedel, verniel of onomkeerbaar verander is nie. Daar moet egter 'n balans gehandhaaf word tussen ontwikkeling en bewaring. Bewaring moet dus ook wyer deur die hele gemeenskap bevorder word en die plaaslike raad moet betrokke raak in 'n verskeidenheid van bewaringsprojekte. Ten einde die natuurlike en kultuur-historiese bates van die streek te bewaar, is dit belangrik om 'n bewaringskultuur onder die gemeenskap te vestig en daarom kan omgewingsopvoedkunde 'n groot rol speel by die verwesenliking daarvan. Wetstoepassing ten opsigte van bewaring sal ook dringend aandag moet geniet.

Die Munisipaliteit moet 'n beleid aanvaar wat die volgende sal insluit:

- die voorkoming van lintontwikkeling langs die kus en rivieroewers
- die beskerming van groen korridors waarvan riviere en hul opvanggebiede die belangrikste is
- die voorkoming van verdere onderverdeling van ekonomiese landbougrondeenhede
- die handhawing van bewaringsbeginsels en etiek in die uitvoering van hulle pligte
- biostreekbeplanningsbeginsels wat die integrasie van die menslike behoeftes en verwagtinge met die bewaring van die natuurlike hulpbronne en die gevolglike optimale grondgebruikbeplanning behels.

- Fokus op:**
- skepping van volhoubare ontwikkeling
 - bevorder omgewingsopvoedkunde en 'n bewaringskultuur onder die gemeenskap
 - uitroei van indringerplante en -diere

- bewaringstatus van riviere in die streek
- bedreigde fauna en flora
- skepping van bewaringsgebiede
- bewaring van water opvanggebiede
- toepassing van omgewingsregulasies en – wette
- bewaring van kultuurhistoriese erfenisse en argeologiese terreine in die streek
- skepping van natuurtuine
- bewaring van landbouhulpbronne

2.6.5. Ontwikkelingsarea 5: Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Meerdoelige gemeenskapsentrum		x		x			x	x		
Gebrekkige sportfasiliteite			x	x	x	x			x	x
Aanspreek van sosiaal-maatskaplike probleme	x	x		x	x	x	x	x	x	x
Verbetering van vaardighede / geletterdheidsvlakke		x			x	x			x	
Ontwikkeling en instandhouding van sportfasiliteite					x	x		x	x	x

Die inkomsteprofiel van die studiegebied toon dat die oorgrote meerderheid van die bevolking in die lae inkomste kategorie val. Daar is ook 'n groot deel van die bevolking wat geen inkomste het nie.

Die ongeletterdheidsvlak (11 %) van die streek is relatief laag vergeleke met die res van die Suid-Kaap en die Wes-Kaap Provinsie. 'n Hoë persentasie van die bevolking (42 %) het ten minste sekondêre onderwys opleiding terwyl slegs 10 % tersiêre onderwys opleiding het.

Die studiegebied het 'n laer gemiddelde (5 %) werkloosheid syfer as die Suid-Kaap (7 %) en die Wes-Kaap Provinsie (8 %). Daar is egter 'n hoër ekonomiese afhanklikheidslas in die gebied, as in die res van die Suid-Kaap. Dit is as gevolg van die feit dat meer mense nie ekonomies aktief is. Daar is 'n min of meer eweredige verspreiding van mans en vroue in die gebied.

Fragmentasie wat op 'n rassebasis voorkom verhoed dat sosiaal maatskaplike dienste die kritieke behoeftes van die grootste deel van die bevolking in die Langeberg streek aanspreek. Fasiliteite is nie eweredig verspreid tussen al die gemeenskappe nie. Toeganklikheid na bestaande fasiliteite is ook 'n groot probleem aangesien daar basies geen openbare vervoer in die landelike gebiede is nie. Daar is dus 'n behoefte aan welsynsdienste wat volhoubaar, effektief, toeganklik en voldoende is.

Sosiaal-maatskaplike probleme wat voorkom en wat dringend aandag nodig het behels onder meer: drank- en dwelmmisbruik, onwettige drankhandel en smokkelkroeë, gesinsgeweld, verwaarlosing van bejaardes, kinders uit gebroke huwelike en die geestelike verwaarlosing van plaaswerkers. Opheffingsprogramme moet ingestel word om die sosiale welstand van die gemeenskappe en veral plaaswerkers te verbeter. Deur die vaardigheidsvlakke van die mense te ontwikkel kan die werkloosheidsprobleem daardeur ook aangespreek word.

- Fokus op:**
- oprigting van meerdoelige gemeenskapsentrums
 - opheffingsprogramme
 - vaardigheidsontwikkeling
 - ontwikkel en instandhouding van sportfasiliteite

2.6.6 Ontwikkelingsarea 6: **Gesondheid en Veiligheid**

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Instaleer buurtwagstelsels / plaaswag			x		x	x	x	x	x	x
Polisiekantore en - lede		x			x	x		x	x	x
Landelike Beveligingstelsels				x						
Onwettige drankhandel		x			x	x	x	x	x	
Rampbestuurplanne										
Opradering en voorsiening van mediese dienste					x	x	x			
Bewusmakingsveldtog oor misdaad	x	x	x							
Verbeter alg. beeld van polisie							x			
HIV – beleid en TB programme										

Mobiele klinieke besoek kleiner dorpe in die streek op 'n weeklikse of maandelikse basis, maar as gevolg van die tekort aan fondse word afgeleë gebiede slegs een

keer elke ses weke besoek. Wanvoeding is ook 'n groot probleem. Die mees algemene siekte is TB. Die gesondheidsprobleem demonstree dat baie siektes voorkom a.g.v. armoede in sekere groepe soos TB, diarree en koors. Fragmentasie blyk 'n probleem te wees met die voorsiening van gesondheidsdienste.

Die hooforsake van die TB probleem in die Landelike gebiede blyk te wees weerstoestande, 'n gebrek aan kontrole oor medikasie, drankmisbruik, oorbevolking, klein huise, houtstowe wat nie effektief funksioneer nie, wanvoeding, rook en allergieë.

'n Tekort aan polisiebeamptes in die streek is 'n groot behoefte. Redding- en noodplanne, waaronder 'n brandplan, vir die streek is van kardinale belang en behoort voorkeur te geniet. Ten einde die veiligheidsituasie in die streek te verbeter kan 'n bewusmakingsveldtog teen misdaad ingestel word. Alhoewel VIGS nog nie sulke drastiese afmetings in die streek aangeneem het nie is dit nogtans belangrik dat VIGS programme en beleide uitgevoer word, sowel as TB-programme.

- Fokus op:**
- Rampbestuursplan
 - Buurtwagstelsels en plaaswagte
 - Vermeerder munisipale polisiebeamptes
 - HIV – beleid

2.6.7 Ontwikkelingsrea 7: Vervoer:

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
Openbare vervoersisteem				x	x	x		x	x	x
Opgradering van toegangsroetes		x		x					x	x
Strenger wetstoepassing				x	x	x		x		
Taxi - en busterminusse opgradeer					x	x	x			

Paaie in die landelike gebiede val onder die jurisdiksie van die Provinsie en moet deur die Distriksmunisipaliteit aangespreek word. Daar is 'n groot behoefte aan 'n openbare vervoerstelsel.

- Fokus op:**
- openbare vervoersisteem
 - strenger wetstoepassing op paaie in die streek
 - instandhouding van toegangsroetes
 - vervoerplan

2.6.8 Ontwikkelingsarea 8: Ruimtelike Ontwikkeling

	SB	MF	JF	LG	AB	GM	RD	HB	SR	WS
ROR vir streek										
Toepassing van munisipale verordeninge							×			
Dorpsverfraaiing								×		

Die studiegebied bestaan uit 'n aantal stedelike nedersettings en hul landelike hinterland. Stedelike en ontspannings ontwikkeling is gekonsentreerd in sekere nodale punte veral langs die N2 en aan die kus by riviermondings.

Die stedelike nedersettings kan as volg geklassifiseer word:

- Riversdal - Primêre streekdienssentrum en setel van Langeberg Munisipaliteit
- Heidelberg en Albertinia - Sekondêre dienssentra
- Stilbaai / Witsand / Gouritsmond - Hoofsaaklik vakansiedorpe, met relatiewe groot afgetrede bevolking
- Slangrivier - Hoofsaaklik residensiële funksie, alhoewel 'n klein hoeveelheid handel en dienste voorkom
- Vermaaklikheid / Groot-Kragga - Landelike gehuggies

Tussen die stedelike gebiede kom hoofsaaklik ekstensiewe landbougebiede voor. Daar is ook 'n gedeelte in die Langeberge wat as provinsiale natuurreservaat bestuur word. Die stedelike nedersettings van Riversdal, Albertinia en Heidelberg is almal aan die N2 nasionale roete geleë en die pad speel 'n belangrike rol in hul voortbestaan. Laasgenoemde twee dorpe stagneer en ontvolk selfs. 'n Dorp soos Stilbaai, wat al hoe meer wegbeweeg van slegs 'n vakansiedorp karakter, groei tans teen 'n vinnige tempo. Die dorp kry al hoe meer ander funksies en dienste by. As vakansie bestemmings toon Gouritsmond en Witsand ook gunstige groeitendense.

Die hoeveelheid behuisingsubsidies wat deur die Provinsiale Behuisingsraad in 1998 toegeken is, vir dorpe in die streek, word deur die volgende tabel weergegee:

TABEL 2.13 Behuisingsubsidies toegeken in 1998

Dorp	Individueel	Projek gekoppel	Individueel afgewys	Voltooi	Totale aansoeke	% van subsidies
Heidelberg	2	411	0	0	413	5%
Slangrivier	0	288	2	0	290	3%
Albertinia	5	381	2	1	389	4%
Stilbaai	0	146	1	0	147	2%

Bron: Nasionale Behuisingsubsidie Sisteem

Die hoof uitdagings ten opsigte van behuising sal wees:

- of kleiner dorpe die vraag na lae-koste behuising sal kan hanteer
- of groter nedersettings die ontstaan van agglomorasies sal kan hanteer op so 'n wyse dat die karakter van die omgewing behoue sal bly
- of alle nuwe nedersettingsbeplanning en -ontwikkeling so uitgevoer gaan word dat dit die minimum impak op die omgewing sal hê.

- Fokus op:**
- voorsiening van lae koste behuising
 - gedienste erwe
 - verblyfreg aan plaaswerkers

2.7 ANALISE VAN GEMEENSKAPS- EN MUNISIPALE PRIORITEITSBEHOEFTE

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Strate	1	Oneffektiewe stormwater beheer	AB: 635 h/h word bedien SR: geen formele stormwaterstelsel HB: opgradering tans aan die gang, uiteindelik 460 h/h bedien Projekte tans: Môrestond en RD - SSG RD: Môrestond, Aloe Ridge, Takkieskloof het swak stormwaterdreinerings	Swak dreinerings van padoppervlaktes en langs paaie Tekort aan bestrate kanale, sypaadjies en randstene Snelle groei van informele nedersettings het veroorsaak dat dienstevoorsiening nie kon bybly nie
	2	Herseël van teer- en gruisstrate	SB: 80 % geteer MF: 60 % geteer JF: 95% geteer SR: swak onderhoud van gruispaaie AB: 768 h/h deur teerpaaie bedien, 50 h/h deur grondpaaie bedien	Beperkte fondse om strate op 'n deurlopende basis in stand te hou Swaar voertuie op paaie Hoë instandhoudingskoste van strate
Stortings-terreine	1	Kapasiteit van stortingsterreine is onvoldoende, veral m.b.t. mediese- en toksiese afval, vis en abattoir afval asook bourommel, tuinvullis en huishoudelike afval	WS: 2 x stortingsterreine maar word slegs vir tuinen bourommel gebruik, oorlaastasie moet opgradeer word, huishoudelike afval na HB op 'n weeklikse basis SR: oop vragmotor vir vullisverwydering Vis- en abattoir afval word begrawe Waste Tech hanteer mediese afval en word na George vervoer en verbrand JF: nuwe terrein word tans ontwikkel vir kapasiteit van 25 jaar en is reeds goedgekeur SB: kapasiteit nog vir 3-4 jaar, bedien ook MF	Geen gedefinieerde terrein vir die stort van vis- en abattoir afval SR: stortingsterrein geleë in vloedgebied van Slangrivier en skep potensiële omgewingsrisiko Toenemende inwonertal plaas druk op kapasiteit
Reinigings-dienste	1	Rommelstrooiing in Landelike gebiede	Vullis / rommel word self verwyder / begrawe	Geen formele vullisverwyderingsstelsel in LG Algehele gebrek aan eiewaarde
	2	Openbare geriewe is slordig, vuil en in swak toestand	AB: In Theronville word herstelwerk gedoen aan toilette by gemeenskapsaal	Vandalisme Gebrekkige reinigingsdienste wat nie effektief funksioneer nie

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Water	1	Opgaarkapasiteit van waterbronne is onvoldoende	<p>AB: 1 fontein en 5 standhoudende boorgate, 2 reservoirs wat 630 kl en 1,25 ML voorsien WS: water uit Duivenhoks skema, grondwater is beskikbaar teen 4 l/s, stoorkapasiteit vir area is 22 mega liter SB / JF / MF: waterbron lewer 4963 kl/dag teen 57,4 l/s, opgaarvermoë van reservoir is 6320 kl</p> <p>1996 in Langeberg Streek: Watergebruik: Natuurlike bronne: 372 Boorgate: 500 Tenks: 105 Openbare krane: 167 Op erf: 2336 Huis: 6234</p>	<p>SB: toename in watergebruik plaas druk op langtermyn voorsiening, toename in gem. jaarlikse waterverbruik tussen 1981 – 1995 was 11,2 % per jaar, die verwagte waterverbruik tussen 2000 – 2020 is gemiddeld 3340 kl – 9560 kl. Slangrivier is nie standhoudend en vloei slegs gedurende wintermaande In vakansiedorpe neem die vraag na waterverbruik gedurende Desember maande toe tussen 50 –100 %</p>
	2	Waterkwaliteit is swak en suiwerings-tegnieke kan verbeter	<p>Yster in water Hoë soutinhoud: WS, SB</p>	Bestaande netwerke is vuil en oud
	3	Swak waterdruk	Ou stelsels in die SSG en Progress Estate	<p>Waterverliese word veroorsaak deur breuke in die stelsels en korrosie van waterpype Onwettige aansluitings Beskadiging van infrastruktuur</p>

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Riool	1	Rioolstelsels moet voltooi, opgradeer en vervang word	<p>SB: het volledige spoelrioolstelsel JF: slegs sypel- en suigtenkstelsel Ou MF: is nie gerioleer WS: in situ bewaringstenks, septiese tenks met wegvloei sisteem AB: het netwerk asook suigtenkstelsel, 1091 h/h het spoelriolering, 537 h/h het septiese tenks SR: slegs gedeelte van die h/h is met rioolstelsel gekoppel, sommige het nog emmerstelsel HB: het 'n netwerk en suigtenkstelsel en septiese tenks, 87 % h/h het spoeltoilette</p> <p>1996: Langeberg Streek: Spoel: 7147 h/h Putstelsel: 1571 h/h Emmerstelsel: 356 h/h Geen: 652 h/h</p>	<p>Toenemende druk in vakansietye Stilbaai se riolnetwerk kan nie toenemende druk hanteer nie WS en MF: lae bevolkingsdigtheid noodsaak nie'n formele riolsisteem nie Emmerstelsel is onhigiënies Grondwaterbesoedeling kan veral in vakansietye voorkom AB: rioolstelsel skep potensiële omgewing- en gesondheidsrisiko's weens syferwater Beskadiging van infrastruktuur</p>
	2	Riooluitvalwerke opgradeer en kapasiteit verhoog	SB: Kapasiteitsprobleem gedurende vakansietye	<p>HB: rioldamme te na aan residensiële area (Wes dorp) SB & MF: reukprobleme by rioldamme</p>
	3	Behoefte aan openbare toilette	<p>HB: tekort AB, GM: openbare toilette tekort</p>	<p>Toenemende vraag Beskadiging van infrastruktuur</p>

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Elektrisiteit	1	Kragvoorsiening moet opgradeer en in stand gehou word	<p>HB: 1200 h/h het kitskrag AB: 1200 h/h het kitskrag SR: 400 h/h het kitskrag RD: 2500 h/h het kitskrag HB: 1584 erwe word bedien WS: 350 h/h word bedien AB: 1384 erwe word bedien met ESKOM krag vanuit die Proteus Substasie, maksimum vraag is 1 MVA</p> <p>1996 in Langeberg Streek: Elektrisiteit vir beligting: Munisipaliteit: 7123 Gas: 86 Parrafien: 216 Kerse: 2153</p>	Befondsing
	2	Oorhoofse kraglyne vervang met ondergrondse kables	<p>SB: interne hoogspanningsverspreiding d.m.v. 11 kv oorhoofse kaaldraadgeleiers en ondergrondse kables, 11 kv oorhoofse kaaldraadgeleiers word deur mini – substasies en paaltransformators na 400 V herlei, paaltransformators word stelselmatig deur mini substasies vervang SB en GM word vervang met ondergronds</p>	<p>Oorhoofse lyne korrodeer van laste wat nie geïsoleer is nie SB: oorhoofse kables word volgens 'n voorkeurlys met ondergrondse kables vervang, die tempo waarteen die bogrondse laagspanningsnetwerk vervang word met ondergrondse kables is stadig omdat meer aandag gegee word aan die verbetering van die hoogspanningsnetwerke Oorhoofse lyne het 'n negatiewe visuele impak op die landskap</p>
	3	Daar is te veel krag-onderbrekings	ESKOM toevoer onvoldoende	Kusdorpe ondervind probleme met spannings val gedurende spitstye

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Ekon. Ontw.	1	Benut die toerismepotensiaal en ontwikkel toeriste attraksies	Wye verskeidenheid van toeriste-attraksies in die gebied Natuurlike skoonheid en verskeidenheid in die natuurlike omgewing Unieke attraksies soos bv. Blombos grotte, fynbos, walvisse by Witsand en elders langs kus, berge	Onderbenutte en onderontwikkelde toeriste aantreklikhede Onderbenutting van eko-toerisme en agri-toerisme
	2	Skep 'n gunstige ekonomiese klimaat wat werksgeleenthede en investering kan verseker	AB: werkloos: 71 %, ekon. onaktief: 59 % SB: werkloos: 7,5 %, ekon. onaktief: 75 % SR: werkloos: 27,5 % WS: ekon. onaktief: 44 % HB: ekon. onaktief: 59%, 7% werkloos Streek toon 'n toename in jonger mense, AB: 28,4 % jonger as 15 jaar, HB: 53 % jonger as 30 jaar Hoë afhanklikheidsratio: WS: 1:1, HB: 1:1,6 MF: lae inkomstesyfer: R 500 – R 1000: 65 %	Toename in jongmense Seisoenale werksgeleenthede Afname van werksgeleenthede in die landbousektor a.g.v. droogtes, stygende brandstofpryse, meganisasie WS: bekend as aftreeoord SB: tekort aan opgeleide arbeid, min opleidingsgeleenthede, arbeid is duur, het funksie as vakansiedorp HB: ekonomiese afhanklikheid van omliggende landbousektor, te min industrieë om werk te bied, geen vakante nywerheidserwe SR: inwoners is onkundig oor inisiatiewe Nie genoeg samewerking op plaaslike vlak asook op streek- en nasionale vlak
	3	Hulp aan voornemende kleinboere	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsplan moet probleem aanspreek	Baie voornemende boere is onkundig oor inisiatiewe Gebrek aan kapitaal en finansiële hulp vir beginnerboere

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Inst. Ontw. en Kapasiteit	1	Ondoeltreffende en on-effektiewe munisipale bestuur en administrasie	Kapasiteitsprobleem wat veroorsaak is deur sentralisasie na Riversdal	Munisipale verordeninge word nie streng toegepas. Bou- en soneringsregulasies word nie toegepas nie Swak kommunikasie kanale na inwoners MF: swak gemeenskap betrokkenheid by munisipale bestuur Gebrekkige bestuurservaring Gebrekkige deursigtigheid en onvoldoende terugvoering lei tot afsydigheid en kritiek onder die inwoners Proses van samestelling van munisipale strukture verloop te stadig
	2	Samewerking en kommunikasie tussen die raad , administrasie en gemeenskap is nie voldoende nie	Landbou verlang groter ondersteuning en insae by besluitnemingsprosesse in sake wat die landbou raak Swak gemeenskapsbetrokkenheid	Onvoldoende terugvoering vanaf Munisipaliteit
	3	Opgradering van biblioteke	Diensure onvoldoende	Staatsubsidies is beperk
Omgewing	1	Die verwydering van indringerplante	Indringerplante veral langs rivierlope en opvanggebiede	Swak grondbestuur en -bewaring deur grondeienaars Oorbeweiding Onbeheerde brande
	2	Omgewingsopvoedkunde moet bevorder word	Moet gesien word as totale jeugontwikkeling Volwasse opvoedkundige programme ook nodig	Omgewingsopvoeding kan nie net die verantwoordelikheid van die WKNBR wees nie, groter samewerking van plaaslike owerhede
	3	Ontwikkel en brei nuwe staproetes en wandelpaaie uit	Verskeie staproetes bestaan in die SMJ – gebied, langs die kus en in die fynbos areas Gebrek aan kultuur-historiese staproetes in dorpe Geslote bewaringsgebiede vir die publiek	Te veel klem op natuur staproetes en minder op stedelike staproetes en gebrek aan kennis oor kulturele erfenis en argeologiese terreine Privaat grondbesit

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Sosiaal Maatskaplike Ontw.	1	Behoeftes aan 'n meerdoelige gemeenskapsentrum wat terselfertyd ook as ontspanningslokaal gebruik kan word	AB: geen opleidingsgeriewe vir inwoners MF: beperkte geleentheid vir ontspanning HB: 2 jeugklubs wat ontspanning bied aan 86 inwoners, SR: gebrek aan speelparke, geen formele binnenshuise ontspanningsgeriewe Bitouville geen gemeenskapsentrum	Gebrekkige geriewe in agtergeblewe gebiede Behoeftes aan sokkervelde in landelike gebiede
	2	Sosiaal-maatskaplike probleme moet aangespreek word m.b.v. opheffingsprogramme	Lae vigsyfer: 20 persone vir streek SR: geen aftree-oord fasiliteite SB / MF / JF: Huis Stilbaai en Jagersbosch AB: nie behoorlike maatskaplike vakkundige dienste Jagersbosch Dienssentrum voorsien in sekere behoeftes van bejaardes HB: Voedingskema by skool: 426 persone, programme vir VIGS, kanker en TB is aktief	Gebrek aan maatskaplike werkers en gemeenskapontwikkelingsbeamptes om probleme soos alkohol misbruik, dwelmmisbruik, TB, VIGS aan te spreek Tekort aan openbare vervoer om mense na klinieke te neem Toename in bejaardes: SR: 65 jaar en ouer: 5 %, HB: 60 jaar en ouer: 1600 persone Groeiende armoede probleem onder bejaardes Gebrekkige dienste onder bejaardes in agtergeblewe gemeenskappe en veral op die platteland Subsidie vanaf Dept. van Welsyn word besnoei
	3	Geletterdheid en vaardigheid moet verbeter word	Vaardighede en geletterdheid kortwiek entrepreneurskap	Gebrekkige fondse vir opheffingsprogramme Mense kry min aanmoediging om entrepreneurskap Kapasiteitsprobleem
Gesondheid en Veiligheid	1	Wil in 'n veilige omgewing woon en werk	Buurtwagstelsels in RD LM lei tans 15 Munisipale Polisie beamptes op 2 Gemeenskaps polisiëringforums bestaan SR: geen permanente polisiekantoor	Onwettige smokkelhuise Baie donker, onbeligte areas Te min samewerking in streeksverband Swak beeld van SA Polisie Diens in gemeenskap
	2	Rampbestuursplan moet opgestel word	Rampbestuursplan bestaan vir die Suid-Kaapstreek	Gebrekkige kennis van die streek se inwoners oor so 'n plan en hoe dit in krisistye geïmplementeer sal word

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
	3	Primêre gesondheidsorg moet verseker word en VIGS en TB verdien spesiale aandag	TB en VIGS programme in plek	Wanvoeding Fragmentasie van gesondheidsdienste Mobiele klinieke wat nie alle plekke altyd op 'n gereelde basis besoek nie
Vervoer	1	Behoeftte aan 'n voldoende openbare vervoersisteeem	AB: 3 taxi's, 2 busse HB: 8 taxi's, 2 busse RD: 10 taxi's SB: 1 taxi, 1 bus	Landelike skole word nie bedien nie Geen subsidies vanaf Dept. van Vervoer vir vervoer van passasiers nie (Dept. van Onderwys subsidieer vervoer van skoliere) Langeberg streek word swak bedien deur georganiseerde busdienste Geen minibus taxi verenigings bestaan nie
	2	Toegangsroetes moet opgradeer en in stand gehou word	Toestand van hoof- en afdelingspaaie in Langeberg streek volgens die PAWK se Plaveisel Bestuurstelsel Databasis kan soos volg opgesom word: 1,97 km (1,1 %) is in gem. toestand, 180, 71 km (98,9 %) in goeie toestand	Grootste probleme is swak toestand van gruissskouer, bindmiddel en kantverbrokkeling Grootste onderhoudsbehoefte is herbegruiwing, dreinering, hervorming en skraap
	3	Gebrekkige wetstoepassing op paaie	Geen wetstoepassingsbeamptes in GM, AB	Onpadwaardige voertuie Swak wetstoepassing
Ruimtelike Ontw.	1	'n Geïntegreerde ROR vir Langeberg	Te veel planne word opgestel, wat verwarring veroorsaak.	Magdom planne word tans opgestel. Dit veroorsaak verwarring en vertraging van aansoeke.

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
Behuising en Grond	1	Tekort aan topstrukture vir lae – koste behuising.	<p>AB: 1467 geproklameerde erwe, 18 informele behuisingseenhede Aanvraag in AB: 73 erwe, 142 formele huise, 426 subsidiehuise is in Rainbow Village voltooi SB: HOP projek: 108 eenhede voltooi en aansoek is gedoen vir nog 155 eenhede, benodig tans 3 – 4 ha vir behuising in die volgende 5 – 7 jaar (300 eenhede) HB: 1890 behuisingseenhede 92 informele beh. Eenhede 130 agterplaas strukture beh. Tekort: 600 eenhede met 412 HOP huise in aanbou 40 % oorbewoning Agterstand in Langeberg streek: 3000 eenhede</p> <p>1996 in Langeberg Streek: Formele behuising: 8931 Informele behuising: 431 Tradisionele behuising: 249 Geen: 1</p>	<p>Stedelike bevolkingsgroeikoers in gebied van 3 % en landelike groeikoers van -2.1% Oorbewoning Onvermoë van mense om hulle huise te voltooi Staatsubsidie te min Provinsiale Behuisingsraad voorsien subsidies</p>
	2	Tekort aan gedienste erwe	Geidentifiseerde grond in RD, HB, AB, MF, SR	<p>Geen dienste a.g.v gebrek aan kapitaal vir behuisingsprojekte Grond in besit van privaat eienaars</p>

FOKUS AREA	P	BEHOEFTE	SPESIFIKASIE	OORSAAK
	3	Verblyfreg plaaswerkers aan	<p>Grondhervormingsprojekte tans aan die gang: Groot Kragga : Behuisingsprojek van R80 000 Heidelberg: Grond moet nog geïdentifiseer word vir 'n landbouprojek vir ± 40 mense Melkhoutfontein: Landbouprojek vir 60 boere van R1,2 Riversdal: Reeds goedgekeur vir ± 50 kleinboere Vermaaklikheid: 32 huise goedgekeur Slangrivier: Behuisingsprojek moet nog gefinaliseer word Albertinia: Landbouprojek reeds geïmplementeer vir 34 boere teen R544 000</p>	<p>Gebrek aan kennis onder die gemeenskap oor die doelwitte en meganismes van die grondhervormingsprogram Slegs Groot Kragga afgehandel</p>

HOOFSTUK 3 - ONTWIKKELINGSTRATEGIE

VISIESTELLING:

Die bevordering van die lewenstandaard en -kwaliteit van die mens in sy totaliteit binne die Langeberg Streek deur die optimale benutting van bestaande hulpbronne deur die bewaring en volhoubare instandhouding daarvan.

MISSIESTELLING:

Die verskaffing van volhoubare dienste en die fasilitering van ontwikkeling aan die totale gemeenskap van Langeberg binne die konteks van volhoubare omgewingsbestuur d.m.v.

- ∞ Gemeenskapseenheid en samewerking sonder diskriminasie,
- ∞ Regstelling en uitwissing van historiese agterstande,
- ∞ Bevredigende en bekostigbare basiese behoeftes aan die inwoners,
- ∞ Bevordering van werkskepping en stimulering van die ekonomie,
- ∞ Hoë gehalte opvoeding en opleiding vir die jeug en volwassenes,
- ∞ Deursigtige, effektiewe en gemeenskapsgerigte munisipale bestuur met hoë kwaliteitsdienslewering,
- ∞ Vestiging van 'n kultuur van dienslewering en -betaling,
- ∞ Volhoubare, verantwoordbare bestuur en bewaring van natuurlike hulpbronne,
- ∞ Die bevordering van demokrasie en menswaardigheid binne die gemeenskap,
- ∞ Die skep en instandhouding van 'n sterk infrastruktuur volgens haalbare behoeftes van die gemeenskap,
- ∞ Norme: Regverdigheid / eerlikheid / lojaliteit van en vir die breër gemeenskap met inagneming van die individu,
- ∞ Effektiewe en gereelde kommunikasie deur die Raad na die publiek.

3.1 STRATEGIESE RIGLYNE

HOOF FOKUS AREAS STRATEGIEË:

3.1.1 Basiese Dienste en Infrastruktuur:

Ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur en basiese dienste ten einde die basiese lewenskwaliteit van die hele gemeenskap te verhoog.

3.1.2 Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit:

Die ontwikkeling en effektiewe bestuur van fisiese sowel as menslike kapasiteit ten einde die gemeenskap deurlopend van diens te wees.

3.1.3 Ekonomiese Ontwikkeling:

Die identifisering van ekonomiese beperkings en geleenthede ten einde die plaaslike ekonomie op volhoubare wyse te stimuleer.

3.1.4 Omgewing:

Die skep van 'n gesonde balans tussen ontwikkeling en bewaring deur middel van realistiese en kundige omgewingsbestuur en hulpbronbewaring en -benutting.

3.1.5 Sosiaal Maatskaplike Ontwikkeling

Die bevordering van sosiaal maatskaplike ontwikkeling deur middel van infrastruktuur skepping asook ontwikkelingsprogramme ten einde 'n gesonde gemeenskaps waardestelsel te vestig.

3.1.6 Gesondheid en veiligheid:

Die verbetering van toeganklikheid tot gesondheid-, nooddienste en veiligheidstrukture deur middel van stelsel en infrastruktuur bestuur.

3.1.7 Vervoer:

Die opgradering en instandhouding van bestaande padinfrastruktuur en die skep en verbetering van vervoerfasiliteite ten einde die ekonomiese mobiliteit van die gemeenskap te verhoog.

3.1.8 Ruimtelike Ontwikkeling:

Die daarstel van 'n geordende, geïntegreerde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk wat ontwikkeling en bewaring sinvol sal bevorder.

3.1.9 Behuising en Grond:

Die daarstel van 'n grond- en behuising hervormingstrategie deur middel van sinvolle beplanning en samewerking ten einde gemeenskapslewenskwaliteit- en standaard te verbeter.

3.2 FINANSIËLE STRATEGIE VAN MUNISIPALITEIT


Die munisipaliteit moet onderskei tussen interne en eksterne bronne van inkomste om die GOP projekte te finansier. Interne befondsing sluit in die invordering van munisipale belasting en heffings.

Eksterne befondsing sluit in befondsing vanaf die Distriksmunisipaliteit (prioriteite toekennings en GMIP fondse) asook staats instansies. Laasgenoemde sluit in Werk vir Water fondse (Departement van Waterwese en Bosbou), Grondhervorming (Departement van Grondsake) en lae-koste behuising (Provinsiale Behuisingsraad).

Die Munisipaliteit moet ook besluit watter persentasie van hul jaarlikse inkomste gaan vir GOP projekte bestee word en wat die volgende paar jaar se projeksies is.

'n Basiese Finansiële Plan sal soos volg daarna uitsien:

1. Infassering van GOP Begroting oor 5 jaar periode
2. Befondsing intern / ekstern
 - GAMAP
 - 3 jaar begrotingsiklus
 - GMIP
 - Onderhoud – nie meer kapitale uitgawe



Kapitale GOP Begroting:	Totaal Munisipale Begroting	R m
	Totaal Eksterne Fondse	R m

Verdeling van begroting oor 5 jaar periode: $R \text{ m} \div 5 = R \text{ m} / \text{jaar}$

3.3 OPSOMMING VAN VOORKEUR EN TOEKOMSTIGE PROJEKTE VIR DIE LANGE BERG MUNISIPALITEIT

A. Basiese dienste en Infrastruktuur:

1.1 Voorkeurprojekte:

- A1.1 Die voorsiening en opgradering van stormwaterafvoerstelsels vir geïdentifiseerde gebiede.
- A1.2 Herseël die ryvlakke van teerstrate waar nodig.
- A1.3 Herstel die ryvlakke van gruisstrate waar nodig.
- A1.4 Vervang gruisstrate met teerstrate in geïdentifiseerde gebiede.

- A2.1 Die skep van bergingsfasiliteite vir mediese en afstootlike afval.
- A2.2 Opgradeer bestaande terreine se stoorkapasiteit en identifiseer waar moontlik nuwe terreine vir bourommel, tuinvullis en huishoudelike afval.

- A3.1 Die implementering van 'n rommel-opruimingsaksie / - program in die Landelike gebiede.
- A3.2 Die bestuur en instandhouding van openbare geriewe op 'n deurlopende basis.

- A4.1 Ondersoek die stoorkapasiteit van bestaande waterbronne en gradeer op / verhoog waar nodig.
- A4.2 Verbeter die waterkwaliteit in geïdentifiseerde gebiede.
- A4.3 Verbeter die waterdruk van geïdentifiseerde gebiede.

- A5.1 Voltooi, opgradeer en vervang rioolstelsels vir geïdentifiseerde gebiede.
- A5.2 Verhoog en opgradeer die riooluitvalwerke waar nodig.

- A6.1 Die opgradering en uitbreiding van elektrisiteitsvoorsiening aan behoeftige gemeenskappe asook in dorpe wat 'n spanningsval ondervind gedurende spitstye.
- A6.2 Die vervanging van oorhoofse kraglyne met ondergrondse kables.
- A6.3 Verminder die hoeveelheid kragonderbrekings.
- A6.4 Ondersoek die moontlikhede / lewensvatbaarheid van windkrag.

1.2 Toekomstige Projekte:

- A1.5 Verbeter die sigbaarheid by kruisings wat sigprobleme skep.
- A1.6 Implementeer 'n program wat duidelike straatname verseker.

- A4.4 Opgradering van watervoorsieningsnetwerke in Garcia, Vermaaklikheid, Kragga, Gouritsmond en die informele area in Heidelberg.
- A4.5 Die voorsiening van besproeiingswater vir Slangrivier.
- A4.6 Die voorsiening van water vir ontwikkeling in Witsand.

- A5.3 Die voorsiening van openbare toilette in Heidelberg, Witsand en Albertinia.

- A6.5 Die installering van koopkragstelsels.

B Ekonomiese Ontwikkeling:

1. Voorkeurprojekte:

- B1 Bevorder die toerismepotensiaal van die streek.
- B2 Skep 'n gunstige ekonomiese klimaat vir investering in die streek ten einde werkseleenthede te verseker.
- B3 Die ontwikkeling van entrepreneurs en voornemende kleinboere.
- B4 Ontwikkel informele- en plaasmarkte.

2. Toekomstige projekte:

- B5 Ontwikkel verwerkingsaanlegte vir landbouprodukte.
- B6 Ontwikkel die Stilbaai en Witsand hawegebiede.
- B7 Opgradering van geriewe vir dagbesoekers.
- B8 Ondersoek die moontlikheid van slagpale in Slangrivier en Heidelberg.
- B9 Die ontwikkeling van oornagfasiliteite in Slangrivier.

C: Institusionele Ontwikkeling en Kapasiteit:

1. Voorkeurprojekte:

- C1 Die skep van 'n doeltreffende, effektiewe en verbruikersvriendelike Munisipale bestuurstelsel.
- C2 Die opgradering van biblioteke in die streek.
- C3 Die vestiging en verbetering van voorskoolse fasiliteite.

D: OMGEWING:

1. Voorkeurprojekte:

- D1 Die uitroei van indringerplante en die skoonmaak van rivierlope.
- D2 Die bevordering van omgewingsopvoedkunde by skole in die streek.
- D3 Die ontwikkeling, uitbreiding en instandhouding van staproetes en

wandelpaai in die streek.

D4 Die ontwikkeling van 'n botaniese- of natuurtuin.

2. Toekomstige projekte:

D5 Die bestuur en beheer van bote en gebruikers op en van alle riviere asook die ekologiese bewaring en bestuur daarvan binne die streek.

D6 Die skep van Mariene Reservate by Stilbaai, Witsand, Gouritsmond en Jongensfontein.

D7 Die ontwikkeling van bestaande en nuwe natuurreservate en -gebiede op provinsiale-, munisipale- of private grond.

D8 Identifiseer, ontwikkel en bestuur alle kultuurhistoriese erfenisse en argeologiese terreine in die streek.

D9 Ontwikkel geriewe vir besoekers in die bestaande bewaringsgebiede op publieke sowel as privaat grond.

D10 'n Volledige bestekopname van bedreigde fauna en flora in die streek.

E: Sosiaal – Maatskaplike Ontwikkeling:

1. Voorkeurprojekte:

E1 Die oprigting van 'n meerdoelige gemeenskapsentrum in geïdentifiseerde gebied.

E2 Die implementering en uitvoering van opheffingsprogramme wat sosiaal-maatskaplike probleme aanspreek.

E3 Die implementering van vaardigheids-, geletterdheids- en opleidingsprogramme onder agtergeblewe gemeenskappe ten einde hulle algemene lewensstandaarde te verhoog.

E4 Ontwikkeling en instandhouding van sportfasiliteite in die streek.

F: Gesondheid en Veiligheid:

1. Voorkeurprojekte:

F1 Opstel en implementering van 'n rampbestuursplan vir die Langeberg streek.

F2 Die installering van buurtwagstelsels en plaaswagte.

F3 Verseker 'n veilige omgewing deur effektiewe wetstoepassing en toereikende mannekrag.

F4 Die voorsiening van primêre gesondheidsorg aan alle mense in die streek.

2. Toekomstige projekte:

F5 Streng optrede teen onwettige drankhandel en smokkelkroeë.

G: Vervoer:

1. Voorkeurprojekte:

G1 Die vestiging van 'n bekostigbare en betroubare openbare vervoersisteen vir die streek.

G2 Die instandhouding en opgradering van alle verbindingsweë binne die streek.

G3 Verbeter wetstoepassing op paaie en bring dit op standaard.

2. Toekomstige projekte:

G4 Instandhouding en opgradering van taxi terminusse.

H: Ruimtelike Ontwikkeling:

1. Voorkeurprojekte:

H1 Die opstel van 'n geïntegreerde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir die Langeberg Munisipale gebied.

I: Behuising en Grond:

1. Voorkeurprojekte:

- I1 Die oprigting van lae-koste behuising vir behoeftige gemeenskappe.
- I2 Die voorsiening van gedienste erwe.
- I3 Die verkryging van verblyfreg aan plaaswerkers.
- I4 Ontwikkel die kerk- en trustgronde van Melkhoutfontein.

3.4 Projek Strategieë

3.4.1 Basiese dienste en infrastruktuur

ONTWIKKELINGSPRIORITEIT	ONTWIKKELINGSDOELWIT	ONTWIKKELINGSTRATEGIE
Stormwaterbeheer	Om 'n doeltreffende en betroubare stormwaterafvoer-stelsel vir behoeftige gebiede te voorsien en wat op 'n deurlopende basis in stand gehou word.	Stormwaterafvoerstelsels moet opgradeer en ontwikkel word in gebiede, veral woonbuurtes, waar daar 'n totale afwesigheid van stelsels is en waar die behoefte dit regverdig.
Strate en sygaardjies	Om teer- en gruisstrate in dorpe op 'n deurlopende basis in stand te hou en gruisstrate met teerstrate te vervang waar nodig.	Strate en sygaardjie infrastruktuur moet op 'n deurlopende basis in stand gehou word en waar moontlik moet opgradering plaasvind.
Stortingsterreine	Stortingsterreine met voldoen-de bergingskapasiteit wat alle tipe vullis / rommel / afval kan hanteer en wat min of feitlik geen omgewing- of gesondheidsrisiko's vir die gemeenskap inhou nie.	Stortingsterreine (waar die behoefte dit regverdig) se kapasiteit moet vergroot / aangepas word ten einde mediese-, toksiese-, huishoudelike- en tuinafval doeltreffend te kan akkommodeer. Stortingsterreine moet doeltreffend en effektief bestuur en beheer word ten einde die gesondheidsrisiko's daaraan verbonde te reduseer en ook om dit ekonomies haalbaar te maak deur middel van die herwinning van herwinbare afval.
Reinigingsdienste en vullisverwydering	'n Skoon, en omgewingsvriendelike streek met openbare geriewe wat toeganklik tot alle inwoners en besoekers van die streek is.	'n Rommel opruimingstelsel wat op 'n deurlopende basis toegepas word.

ONTWIKKELINGSPRIORITEIT	ONTWIKKELINGSDOELWIT	ONTWIKKELINGSTRATEGIE
